


GÖD
IS DIE
BRÖN

VADER

2022



**NELSPRUIT
SUID**

Jean Strydom
Louis Pienaar
Gerrit Vosloo

Inhoudsopgawe

1. Inleiding: God is die Bron
2. God is die Bron van Alles (16-22 Jan)

<p style="text-align: center;">WEEK VAN GEBED (23-30 Jan)</p>
--

- | |
|--|
| <ol style="list-style-type: none">3. God is die Bron van Genade (23 Jan)4. God is die Bron van al my Behoeftes (24 Jan)5. God is die Bron van onderrig op my lewenspad (rigtingwyser) (25 Jan)6. God is die Bron van Lewe (26 Jan)7. Stilmagmaal @ 18:00 (27 Jan)8. God is die Bron van die Regverdige (30 Jan – 5 Feb) |
|--|

9. God is die Bron van Waarheid (6-12 Feb)
10. God is die Bron van Krag (13-19 Feb)
11. God is my Bron en nie net die Bron nie (20-25 Feb)

Inleiding

Tydens 2022 gaan ons fokus op God wat ons Bron is. Vir die eerste deel staan ons stil by God (Vader) as die Bron en daarom sal hierdie studiestuk baie handig wees om jou op 'n weeklikse basis te begelei soos wat daar in die gemeente gepreek word oor die tema. Jy is welkom om by 'n kleingroep in te skakel of jou eie te begin. Jy kan ook die studie op jou eie doen of saam met jou gesin. Hierdie studie begin op Sondag 16 Januarie en sal ten einde loop op Sondag 20 Februarie.

Dit is ons opregte gebed dat jy tydens hierdie reis God opnuut sal ontdek as jou Bron en vanuit Hom sal leef.

Die volgende reeks: Jesus is die Bron, begin reeds op Sondag 27 Februarie. Dit is dan ook die eerste Sondag van die Lydensweke. Maar meer later oor hierdie reis.

Jy sal ook sien dat die Week van Gebed geïnkorporeer is binne hierdie studie en dat daar vir elke dag van die Week van Gebed 'n studiestuk geskryf is. Op Donderdag 27 Januarie @ 18:00 nooi ons jou om by die gemeente te kom aansluit vir 'n stilmagmaal en toewydingsgeleentheid. Jy is welkom om dan enige tyd vanaf 18:00-19:00 na die kerkgebou te kom om in stilte nagmaal te kom gebruik en jou opnuut aan die Here toe te wy.

Groete

Leraars

God is die Bron van Alles

Ons almal het bronne nodig in ons lewens waarop ons moet staat maak. 'n Bron is 'n verskaffer van iets wat ons nie op ons eie kan produseer nie. Bv. in jou huis, as jy wil afkoel in die somermaande benodig jy 'n bron van koue lug. Die elektrisiteit wat vloei in jou huis is een van baie bronne. Daar is ook finansiële bronne, voedsel bronne, selfs politieke bronne. Bronne maak ons lewens makliker, gemakliker, lekkerder en produktief. Al daardie bronne is onderhewig aan tekorte en onderbrekings, wat beteken dit kan enige tyd van ons ontnem word. Dink maar net aan die elektrisiteit te kort en beurtkrag wat ons ervaar. Maar dit is nie so wanneer dit by God kom wat ons Bron en verskaffer is van alles nie.

Paulus skryf: *“Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlijkheid tot in ewigheid! Amen.”* (Rom. 11:36) Die Bybel se eerste woorde is *“In die begin het God hemel en aarde geskep”* (Gen. 1:1). Ons lewens as deel van hierdie skeppingsverhaal, begin ook met God as ons Skepper – die Bron van alles. God se skeppingsmag is 'n ordenende mag. Hy skep orde in chaos. God is 'n God van orde – maar dan 'n orde wat “goed” is. Dit skepping was uitsluitlik God se wil. God skep uit liefde. Die logika van die skepping is die logika van liefde – liefde is per definisie kreatief.

God is die finale, uiteindelijke verklaring van alles se ontstaan en bestaan. God is jou Bron. Dit klink makliker om te sê, as om te glo. God is jou Bron, die perfekte en op tyd Bron van alles wat jy nodig het. Maar jy moet Hom ontvang as jou enigste Bron deur geloof. God se Woord sal jou verstand vernuwe, jou geloof voed en jou bring by die plek waar jy moet wees om te ontvang wat God vir jou in plek het. Wanneer jy dit toelaat, sal God jou Bron wees van alles wat jy benodig.

Vir Kleingroepe

Rus en ontvang

1. Verwelkom enige nuwe lewe in die groep.
2. Deel in mekaar se lief en leed. (Ons is aan die begin van 'n nuwe jaar. Deel met mekaar enige vreugdes, bekommernisse, uitdagings en geleenthede)
3. Word vir 'n paar oomblikke stil, ontvang God se teenwoordigheid en kom by Hom tot rus.
4. Gee geleentheid vir gebed. Bid vir mekaar, vir die gemeente en vir die gemeenskap. Vra vir die Here om vir julle deur Sy Woord te voed en Homself te openbaar.

Luister en deel

1. Hoe sal julle die woord/term **“bron”** definieer in julle eie woorde?
2. Lees Genesis 1:1 en Johannes 1:1-5, hardop saam in die groep.
3. Deel met mekaar wat julle opgeval het met hierdie eerste lees.
4. Hoe sal julle hierdie tekste in julle eie woorde vertaal?
5. Is daar ooreenstemming of verskille tussen die twee teksgedeeltes? Wat is dit? Waarom sê julle so?
6. Lees Romeine 1:20. Wat sê Paulus vir ons in die teksvers?
7. Wat het julle oor God leer uit bogenoemde tekste?

Leef en ontplooi

1. Ons verstaan van God beïnvloed alles in ons lewens, insluitend hoe ons onself sien en hoe ons ander hanteer. Hoe beïnvloed ons verstaan dat God die Bron van alles is, ons lewens in 2022?
2. Wat leer Jeremia 17:7-8 ons, wanneer ons ons vertrou in die Bron plaas?

3. Hoe kan julle as groep mekaar in die jaar help en bemoedig om te leef vanuit die Bron van alles?
4. Hoe help hierdie week se tema jou om jou geloof op 'n daaglikse basis uit te leef?
5. Met wie gaan jy deel wat jy hierdie week geleer het oor God as die Bron van alles?
6. Is daar enige behoeftes wat julle het of mense vir wie julle graag voor wil bid?

Vir gesinne

1. Waarvoor is jy dankbaar hierdie week?
2. Waaraan was jy gehoorsaam hierdie week wat God vir jou gesê/gevra/gewys het?
3. Neem papier en 'n paar penne of potlode en laat elkeen neerskryf wie of wat is hulle bron van... Lewe, bron van finansies, bron van hoop, bron van vreugde, bron van krag, bron van vertrouwe, bron van liefde. Ons mag almal van mekaar verskil, maar dit is belangrik om tot die insig te kom dat God is die Bron van alles, want dan leef in ons totale afhanklikheid van God en dit is die beste plek om te wees.
4. Lees saam Matteus 6:25-34.
5. Wat hoor julle sê die teksgedeelte vir ons?
6. Wat moet ons doen met wat die teksgedeelte vir ons sê?
7. Skryf nou as gesin julle eie definisie/verstaan/belydenis neer, oor wie God vir julle is as Bron. Plak dit op die yskas of op 'n plek waar julle dit die hele tyd kan sien en herinner mekaar gereeld daaraan en mag dit julle versterk in julle geloof en vertrouwe soos wat julle elke dag leef in julle verhouding met God, mekaar en ander.

God is die Bron van Genade

Genade is 'n begrip wat ons nie altyd mooi en lank genoeg oor na dink nie. Genade beteken kortliks dat jy nie die slegte of die negatiewe wat jy verdien, ontvang nie. Baie keer maak ons ook die fout om te dink dat genade eers in die Nuwe Testament met Jesus se koms, gestalte kry in die Bybel. Wanneer ons baie keer deur die Ou Testament blaai kry ons die indruk dat dit 'n totale genadelose tydperk was. 'n Tydperk van 'n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand. In 'n sekere sin was dit ook 'n genadelose tydperk gewees.

As ons egter mooi deur die Ou Testament blaai, dan sien ons dat God van die begin af ook 'n genadige God was en steeds is. Genade is soos liefde, deel van wie God is. Dis deel van God se wese. Ons sien reeds al vroeg in Genesis dat God genadig is en reg deur die Bybel kan ons God se genade raaksien. Kyk maar net hoeveel keer het God Sy genade betoon aan 'n weerbarstige volk.

Omrede God 'n genadige God is, verwag God van ons wat Sy kinders is, ook om meer genadig teenoor mekaar te wees. Ons lewe egter in 'n wêreld waarin ons al hoe meer beleef dat mense genadeloos met mekaar en instansies omgaan. Hierdie genadeloosheid lyk dalk anders as in die Ou Testament, maar die beginsels, of eerder die gebrek daaraan, is dieselfde.

So baie keer regverdig gelowiges dit ook om genadeloos teenoor ander te wees. Ons as gelowiges vergeet maklik dat genade beteken om juis nie teenoor mense op te tree op grond van wat ons dink hulle verdien nie.

Ons elkeen het 'n keuse om te kies of ons in 2022 meer genade gaan betoon soos wat God dit van ons vra en verwag. Ons moet leer om meer genade te betoon teenoor ons familie, vriende en almal wat ons pad kruis.

Vir Kleingroepe

Rus en ontvang

1. Verwelkom almal by die byeenkoms.
2. Deel in mekaar se lief en leed.
3. Word vir 'n paar oomblikke stil, ontvang God se teenwoordigheid en kom by Hom tot rus.
4. Gee geleentheid vir gebed. Bid vir mekaar, vir die gemeente en vir die gemeenskap. Vra vir die Here om vir julle deur Sy Woord te voed en Homself te openbaar.

Luister en deel

1. Gesels oor hoe mense vandag genadeloos teenoor mekaar is en waarom? Sosiale media is 'n goeie voorbeeld van waar mense genadeloos is.
2. Lees saam **Eksodus 33:18-20**. In hierdie gedeelte sê God vir Moses dat Hy genade betoon aan die wat Hy wil.
3. Gesels bietjie saam oor waar oral in die Ou Testament daar verhale is waar julle God se genade in raaksien.
4. Hoe verkry mens genade van God af?
5. Lees **Johannes 8:1-11**.
 - a. In die verhaal word die vrou genadeloos gebruik en wil die skare ook geen genade teenoor haar betoon nie. Jesus reageer egter anders teenoor haar. Wat leer julle uit Jesus se reaksie?
6. Hoe wil God hê dat ons teenoor ander mense moet optree? Dink bietjie na oor jou eie lewe.
7. Op watter maniere bewys God genade aan jou?
8. Waar en hoe het jy al beleef dat mense genadeloos teenoor jou was?
9. Deel met die ander as jy gemaklik voel om dit te doen.

10. Gesels bietjie oor die volgende verhoudings en hoe God wil hê ons genade daarin moet uitleef:

- a. Huwelik
- b. Ouer-kind
- c. Vriende
- d. Kollegas
- e. Vyande
- f. Randfigure: Boemelaars ens.
- g. Vreemdelinge

Leef en ontplooi

“Genade teenoor jou naaste se oortredinge is die enigste mag in die heelal wat sterk genoeg is om die kettings van eeue se haat en die wrok van geslagte geknel het, te smelt. Dit is omdat ons dit intuïtief weet dat liedere soos Amazing Grace so gewild is. God is genade, die bron van ons s’n, is inderdaad onbegryplik, onbeskryflik groot.” Philip Yancey

1. Hoe kan julle mekaar help om met meer genade teenoor ander te leef?
 - a. Dink bietjie aan praktiese maniere om dit te kan reg kry.
2. Hoe duidelik is God se genade sigbaar in jou lewe in die manier hoe jy met ander mense en instansies werk?
3. God is die bron van genade. Slegs wanneer ons die genade wat Hy aan ons bewys begin verstaan en daaruit put, kan ons genade teenoor ander uitleef. Vra die Heilige Gees om vir jou te wys waar en hoe jy meer genade moet uitleef.
4. Hoe help hierdie week se tema jou om jou geloof op 'n daaglikse basis uit te leef?
5. Met wie gaan jy deel wat jy hierdie week geleer het?
6. Is daar enige behoeftes wat julle het of mense vir wie julle graag voor wil bid?

Vrae vir verdere in diepte studie

1. Wat is jou definisie van Genade?
2. Lees **2 Konings 13:1-6**.
 - Wat leer die gedeelte jou oor genade?
 - Wat is mense se reaksie baie keer op God se genade?
3. Wat maak dat mense nie God se genade ontvang nie? **Spreuke 28:13**
4. Lees **Romeine 6:10-11**
 - Op watter manier misbruik (mors) mense met God se genade?
 - Waar toe lei sonde wanneer mense daar in volhard?
5. Is God se genade vir almal of net vir sommige mense bedoel? **Titus 2:11**
6. Is daar 'n afsnydatum of vervaldatum op God se genade? **2 Korintiërs 6:1**
7. Is dit maklik om genade teenoor ander uit te leef? Hoekom?
8. Hoe het Christus se koms genade verander? **2 Timoteus 1:9-10**

Notas

God is die Bron van al my behoeftes

Week van Gebed: Psalm 23

Elkeen van ons het behoeftes en elkeen se behoeftes is uniek. Van die kleinste babatjie tot die oudste persoon het behoeftes. Toe ons klein was, was dit maklik om na ma en pa toe te gaan en te weet dat hulle in jou behoeftes sal voorsien. Na mate 'n mens groter word en die wêreld met al sy uitdagings jou laat wakker lê, is die oplossings nie meer so eenvoudig nie. Ma en pa is ook nie noodwendig meer daar nie. Sommige mense het geleer om op hulself aangewese te wees en niemand vir niks te vra nie, ander vra dalk makliker as daar een of ander behoefte opduik. Elke mens het ook 'n behoefte om geestelik gevoed te word en daarvoor weet ons dat onself 'n groot verantwoordelikheid het, maar dat God bo alles in daardie behoefte wil voorsien. Jesus het self kom sê dat ons eers die Koninkryk van God moet soek, want die hemelse Vader weet wat ons nodig het en Hy sal in ons behoeftes voorsien. God is die een wat jou Bron van al jou behoeftes wil wees (fisies en geestelik). Hy wil dat jy Hom sal erken en dat jy vanuit Hom sal leef in vertroue.

Vir Kleingroepe

Rus en ontvang

1. Verwelkom almal by die byeenkoms.
2. Deel in mekaar se lief en leed.
3. Word vir 'n paar oomblikke stil, ontvang God se teenwoordigheid en kom by Hom tot rus.

4. Gee geleentheid vir gebed. Bid vir mekaar, vir die gemeente en vir die gemeenskap. Vra vir die Here om vir julle deur Sy Woord te voed en Homself te openbaar.

Luister en deel

1. Lees saam Matt. 6:31-34 en gesels daaroor.
2. Is ons ongelowig as ons somtyds bekommerd is oor dinge?
3. Watter verskil maak dit om eers die Koninkryk van God op te soek en dan na my behoeftes te kyk?
4. Kyk saam na Psalm 23
 - a. Wat leer julle as groep uit die psalm in terme van menslike behoeftes?
 - b. Watter les leer julle uit die Psalm in terme van behoeftes en God?
5. Gesels oor die volgende stelling na aanleiding van die gedeeltes waarna julle sopas gekyk het: "God is die Bron van my behoeftes"

Leef en ontplooi

1. Hoe help hierdie week se tema jou om jou geloof op 'n daaglikse basis uit te leef?
2. Met wie gaan jy deel wat jy hierdie week geleer het?
3. Hoe sal jy hierdie beginsel, dat God die Bron van my behoeftes is vir iemand kan vertel / getuig?
4. Hoe sal jy dit aan jou kinders oordra?
5. Watter aanpassings sal jy as individu en as groep wil maak om God as die Bron van julle lewens te vertrou?
6. Is daar enige behoeftes wat julle het of mense vir wie julle graag voor wil bid?

Vrae vir verdere in diepte studie

1. Lees aandagtig Psalm 23 deur.
2. Dawid het die Here ook “beskryf” in terme van Rots en Vesting. Nou gebruik hy Herder. Watter beelde en gedagtes kom by jou op met die Herder metafoor?
3. Met die deurlees van Psalm 23 kon jy duidelik agterkom dat God die Bron is van ons behoeftes. Ons kan altyd na Hom toe gaan. Kyk na elke behoefte wat in die Psalm aangespreek word en dank die Here vir Sy voorsiening.
4. Een van die mens se grootste behoeftes is sekerlik die behoefte na ‘n Verlosser. Hoe het God daardie behoefte van ons aangespreek?
5. Lees en dink na oor Fil. 4:19
6. Lees en dink na oor Jak. 1:16-17
7. Lees weer die verhaal van Abraham en Isak in Gen. 22. Dit is tydens die gebeure wat Abraham vir die Here “Jehovah-Jireh” noem. Dit beteken die Here voorsien. Dit is direk in verband met die offerlam wat voorsien is en dat Isak se lewe gespaar is. Dink na oor die naam van die Here as die voorsiener en tot watter mate is Hy waarlik jou Bron wat in jou behoeftes voorsien?

Notas

God is die Bron van onderrig op my lewenspad (Rigtingwyser)

Week van Gebed: Psalm 25 / Psalm 37 / Psalm 119

Ons is almal redelik bekend met 'n "GPS" of te wel Globale Posisionering stelsel. Handige Kersgeskenk, vir die man in jou lewe! Die oulike ding kan jou presies sê waar jy nou is, en waarheen jy oppad is. Vandag hoef ons nie meer met 'n padkaart te sukkel, in die kar nie! Hoef die manne ook nie meer te stop om padaanwysings te vra nie! Net soos ons die koördinate van ons eindbestemming in die GPS intik, net so het God ook vir elke mens op aarde 'n eindbestemming in gedagte. Jy kan ook hierdie koördinate in die Bybel vind, Jesus verwys baie daarna! Wanneer ons nie die roete volg wat die GPS in gedagte het nie, gaan daai stemmetjie jou gereeld maan om van roete te verander. God praat ook met ons deur die Heilige Gees. Hy waarsku ook as ons van Sy beplande roete afwyk. Net soos ons nie die GPS kan ignoreer nie, die stemmetjie kan nogal knaend wees, net so moet ons ook nie die Heilige Gees ignoreer nie. Somtyds vat jy per ongeluk die verkeerde afdraai en bevind jy jou op 'n gevaarlike roete. God sal jou nooit in die steek laat nie. Net soos die GPS vir jou 'n alternatiewe roete bepaal, net so sal Hy jou ook uiteindelik by jou bestemming uitbring, al is dit nie die roete wat Hy aanvanklik voorgestel het nie. Laat jou net lei, deur Sy waarheid. Luister vandag, of jou GPS nie dalk waarsku dat jy in 'n verkeerde rigting oppad is nie. Vertrou op die Heilige Gees, Hy sal jou te alle tye op die regte, bekende roete hou! As jy twyfel, gaan maak seker in die Woord, presies waarheen God met jou oppad is. Rig weer jou fokus op jou Hemelse eindbestemming!

Vir Kleingroepe

Rus en ontvang

1. Verwelkom almal by die byeenkoms.
2. Deel in mekaar se lief en leed.
3. Word vir 'n paar oomblikke stil, ontvang God se teenwoordigheid en kom by Hom tot rus.
4. Gee geleentheid vir gebed. Bid vir mekaar, vir die gemeente en vir die gemeenskap. Vra vir die Here om vir julle deur Sy Woord te voed en Homself te openbaar.

Luister en deel

1. Vertel vir mekaar van die kere wat jy verdwaal het.
2. Hoe tree jy op wanneer jy verdwaal?
3. Sommige mense verdwaal makliker as ander. Soms is dit in die lewe ook so. Sommige mense is geneig om vinnig na ander te luister, wie se bedoelinge nie altyd so suiwer is nie. In die Bybel se tyd was daar ook baie dwaalleringe. Dit het die lewe van gelowiges baie moeilik gemaak. Vandag nog is ek en jy nie kwytkeskeld daarvan nie. Daar is baie teorieë en argumente wat ons wil wegneem van God as die ware Bron wat vir ons die regte pad aandui.
 - a. Gesels met mekaar oor 'n teorie of twee wat dalk tans die rondte doen en wat jou baie ongemaklik maak.
 - b. Wat is jou advies om so “dwaalleer” hok te slaan?
4. As jy bely dat God die Bron van jou lewenspad (rigtingwyser) is, wat sou jy sê moet jy as gelowige alles in ag neem om God toe te laat om jou te lei?
5. Lees Ps. 25:12-15
 - a. Watter waarhede kan jy uit die gedeelte in jou lewensreistas pak?

6. Lees Ps. 37:23
 - a. Gesels as groep saam oor hierdie gedeelte en wat julle kan leer uit die gedeelte
7. Lees Ps. 119:33-37; 105
 - a. Gesels as groep saam oor hierdie gedeelte en wat julle kan leer uit die gedeelte
8. Hoe gaan die nuwe insig uit die studie jou lewe verander

Leef en ontplooi

1. Hoe help hierdie week se tema jou om jou geloof op 'n daaglikse basis uit te leef?
2. Met wie gaan jy deel wat jy hierdie week geleer het?
3. Hoe sal jy hierdie beginsel, dat God die Bron van jou lewenspad (rigtingwyser) is vir iemand kan vertel / getuig?
4. Hoe sal jy dit aan jou kinders oordra?
5. Is daar enige behoeftes wat julle het of mense vir wie julle graag voor wil bid?

Vrae vir verdere in diepte studie

1. As jy vir die Here sê lei my of maak my 'n wil bekend...waarvoor laat jy jou regtig in?
 - a. Eks 33:13-14
 - b. Ps. 119:105, 133
 - c. Spr. 3:5-6
 - d. Jak 1:5-7
2. Wat dink jy is die waarheid waarvan Ps. 25:5 praat?
3. Volgens Psalm 25 vers 9 en 12, watter mense ervaar Sy leiding?... hoekom?

4. Dink jy wysheid is meer as net blote toepassing van kennis?
5. Goddelike wysheid kan nie sonder nederigheid en beskeidenheid bestaan nie (Spreuke 11:2). Hoe so?
6. Wysheid is die besit van kennis met die doel om dit toe te pas. Stem jy saam?
7. Kennis begin met die dien van die Here (Spr. 1:7). Hoe kan jy hierdie toepas in jou lewe?

Notas

God is die Bron van Lewe

Week van Gebed: Psalm 16 en 139

In die verlede; soos vandag ook nog, is daar mense wat van mening is: “eet en drink en geniet die hede, want more sterf ons”. Andere trek hulleself weer terug en voer ‘n totaal afgesonderde bestaan, om juis so voorbereiding te tref vir die dag wat die dood oor hulle kom of die wederkoms.

Teenoor hierdie twee uiterstes staan die belydenis van Psalm 16, *“ek behoort aan die Here, daar is vir my niks goeds nie, behalwe by U. Here, U is my lewe – U sorg vir my. U gee my nie oor aan die dood nie. U leer my hoe om te lewe”*.

Die Psalmdigter het as gelowige, bewus geword van die vanselfsprekende dinge in die lewe en hy het hom weggedraai van die sensasiewekkende, die plesierwekkende en aandagtrekkende dinge, en bewus geword van God en Sy gawes in sy eie lewe. Hy het diep onder die indruk gekom van die feit dat kos, klere, familie, gesondheid en selfs die belydenis wat hy uitspreek, alles van God af kom.

Hy het diep onder die indruk gekom van die feit dat die God van sy gebede, ook die God van nabyheid in en oor sy eie lewe is. Daarom die pragtige belydenis: *“ek behoort aan U – U sorg vir my – daar is vir my niks goeds nie, behalwe by U.”* Dit het vir hom soveel in sy lewe beteken, dat hy sê: *“selfs in die nag bly ek bewus van wat Hy my leer”*. Hy ervaar en bely hierdeur dat God die Bron is van sy Lewe

Vir Kleingroepe

Rus en ontvang

1. Verwelkom almal by die byeenkoms.
2. Deel in mekaar se lief en leed.

3. Word vir 'n paar oomblikke stil, ontvang God se teenwoordigheid en kom by Hom tot rus.
4. Gee geleentheid vir gebed. Bid vir mekaar, vir die gemeente en vir die gemeenskap. Vra vir die Here om vir julle deur Sy Woord te voed en Homself te openbaar.

Luister en deel

1. Gesels oor die begrip lewe en die verskillende fasette daarvan.
2. Gesels oor die stelling: "God is die Bron van lewe". Gesels daaroor in terme van die verskillende fasette van lewe (geestelik en fisies)
3. Hoeveel waarde dink jy heg God aan lewe?
4. Wat dink jy is "lewe" vanuit God se perspektief?
5. *"U is die bron van die lewe, deur U lig lewe ons."* Ps. 36:9-10
 - a. Bespreek dit
6. Ons lees in Jer. 17:13 dat dié wat vir God verlaat, die bron van die lewe verlaat en in Jer. 2:13 kla God die volk aan: "My volk het twee sondes begaan: Hulle het My, die bron van lewende water, verlaat, en hulle het vir hulle waterbakke uit klip gekap, waterbakke wat gebars is en nie water hou nie."
 - a. Gesels hieroor
7. Watter rol speel Psalm 16 om my en jou te oortuig dat God die Bron van Lewe is.
8. Lees Psalm 139 en gesels met mekaar oor die kosbaarheid van lewe vanuit God se perspektief

Leef en ontplooi

1. Hoe help hierdie week se tema jou om jou geloof op 'n daaglikse basis uit te leef?

2. Met wie gaan jy deel wat jy hierdie week geleer het?
3. Hoe sal jy hierdie beginsel, dat God die Bron van Lewe is vir iemand kan vertel / getuig?
4. Hoe sal jy die beginsel dat God die Bron van lewe is by jongmense / kinders tuisbring?
5. Is daar enige behoeftes wat julle het of mense vir wie julle graag voor wil bid?

Vrae vir verdere in diepte studie

1. Wat gebeur met Dawid in Ps. 139 as hy opnuut beseft dat God hom deur en deur ken?
2. Watter vertroosting kan jy aan ander gee uit Ps. 139:1-4?
3. Hoekom is Ps. 139:7 so belangrik vir die wete dat God ons Bron van lewe is?
4. Lees weer Ps. 139:13-18. Watter waarde het die gedeelte vir jou?
5. Lees Ps. 16:5. Watter waarde het hierdie vers vir jou?
6. Lees Hand. 17:25, 28. Watter waarde het die verse vir jou?
7. Glo jy dat God die ware Bron van lewe is? Hoe sal jy iemand anders daarvan oortuig?

Notas

Stilnagmaal

Week van Gebed: Toewydingsgeleentheid en Stilnagmaal

Jy word uitgenooi om tussen 18:00-19:00 na die kerkgebou toe te kom vir 'n spesiale toewydingsgeleentheid. Tydens die geleentheid ontvang jy 'n bladsy met teksgedeeltes op wat jou begelei in 'n ontmoeting met God. Jy kan dit rustig deurwerk op jou tyd en indien jy klaar is kan jy vorentoe beweeg en nagmaal gebruik as toewyding aan die Here. Daarna is jy welkom om huis toe te gaan.

Vrede vir jou

Leraars

God is die Bron van die Regverdige

Psalm 1 lei die hele Psalmboek in. Die redakteurs het dit hier geplaas waarskynlik omdat hier twee groepe mense gekontrasteer word, wat telkens in die res van die Psalmboek genoem word: die regverdiges (1:5,6) en die goddeloses (1:1,4,5,6). In wese is dit die kern van die Psalms (en die Bybel) se boodskap:

- Die sin van die lewe word in die regte verhouding met God gevind.
- Dit is dwaas om sonder God te probeer lewe.

Let op hoe die Psalm die impak uitspel wat regverdiges en goddeloses se onderskeie lewenstyle (1:1-2) op hulle ervarings (1:3-4) en bestemming het (1:5-6). Die pad wat jy kies in hierdie lewe het gevolge. Saam met God is daar vreugde en voorspoed – jy is soos 'n boom by standhoudende water. Sonder God is daar verydeling en ondergang – jy is soos kaf in die wind.

Dit laat 'n mens dink aan Jesus se tipering van twee paaie in Matt 7:13–14. Die een is 'n poort na die verderf, die ander die poort na die lewe. In wese handel die Psalm oor die teenwoordigheid en die afwesigheid van God as die Bron in jou lewe. Indien God wel jou Bron is, hoe dit jou lewe impakteer.

Vir Kleingroepe

Rus en ontvang

1. Verwelkom almal by die byeenkoms.
2. Deel in mekaar se lief en leed.
3. Word vir 'n paar oomblikke stil, ontvang God se teenwoordigheid en kom by Hom tot rus.

4. Gee geleentheid vir gebed. Bid vir mekaar, vir die gemeente en vir die gemeenskap. Vra vir die Here om vir julle deur Sy Woord te voed en Homself te openbaar.

Luister en deel

1. Gesels met mekaar oor die begrip “regverdige”. Hoe sien jy dit en waarmee sou ‘n mens dit in vandag se tyd beskryf?
2. Lees Psalm 1
3. Wat het jou die meeste geraak uit die gedeelte?
4. Psalm 1 begin met die woorde “Dit gaan goed...” Dit sou ook vertaal kon word met “gelukkig,” of “welgeluksalig”, of selfs “geseënd.”
 - a. Praat met mekaar oor wat in ons kultuur as ‘n gelukkige lewe beskou word. As jy dink aan al die advertensies en alles wat ons in die media hoor en sien – Wanneer is jy gelukkig?
 - b. Wat is volgens jou ware geluk?
5. Wat maak jou gelukkig? Wanneer gaan dit goed met jou?
6. Vers 1 beskryf die lewe van iemand met wie dit goed gaan (gelukkig is); eers in wat hulle vermy en dan in wat hulle doen.
 - a. Gesels bietjie prakties hieroor:
 - i. Hoe vermy ons verkeerde invloede?
 - ii. Hoe oordink ons die Woord dag en nag?
7. Wat sê die beeld wat gebruik word vir die kind van God (boom geplant by water) en die goddelose (kaf deur die wind weggewaai) vir jou?
8. Hoe raak die psalm jou persoonlik op jou verskillende lewensterreine?
9. Hoekom sou jy sê is God die Bron van die regverdige?

Leef en ontplooi

1. Hoe help hierdie week se tema jou om jou geloof op 'n daaglikse basis uit te leef?
2. Met wie gaan jy deel wat jy hierdie week geleer het?
3. Hoe sal jy hierdie beginsel, dat God die Bron van die Regverdige is, aan iemand kan vertel / getuig?
4. Hoe sal jy dit aan jou kinders oordra?
5. Is daar enige behoeftes wat julle het of mense vir wie julle graag voor wil bid?

Vrae vir verdere in diepte studie

1. In hierdie psalm word ons opgeroep om 'n keuse te maak: “Kies die lewe!” (Deuteronomium 30:19 en Josua 24:15). Dink na oor hoe dit in jou lewe gebeur het dat jy bewustelik gekies het om Jesus Christus te volg.
2. Waarom is dit belangrik om elke dag weer hierdie besluit te maak?
3. Wat sou dit in vandag se lewe kon beteken om “met sondaars om te gaan” en “met ligsinniges saam te span”?
4. Waarin sou dit uitkom dat 'n mens in die Woord van die Here jou vreugde vind? Wat (of Wie!) is hierdie Woord?
5. Benediktyense monnike sing elke week al 150 Psalms deur die loop van die week se eredienste. Watter waarde kan daar vir 'n mens daarin wees om diep en gereeld oor elke psalm na te dink?
6. Wat volgens jou en vanuit die Psalm moet 'n regverdige doen in die lewe?
7. Lees ook nou Jesus se woorde in die bergrede: Matteus 5:3-12. Soos in Psalm 1 gaan dit hier oor die saliges of “werklik gelukkiges”. Wat het Jesus self met geluk te make?
8. Voel jy dat die Here, jou as regverdige lei op jou lewenspad?
 - a. Hoekom sê jy so?

God is die Bron van Waarheid

Waarheid is nog 'n begrip waarby ons moet stilstaan en baie mooi oor moet na dink. Die HAT verklaar waarheid soos volg: “Wat waar is; wat met feite ooreenstem.” Maar die term Waarheid het meer kompleks geraak in die tye waarin ons leef. Ons leef in 'n Post-Modernistiese wêreld waarin absolute waarheid nie meer aanvaar of erken word deur baie mense nie. Daar is nie altyd 'n duidelike lyn tussen swart en wit as dit by waarheid kom nie.

Ons almal ken sekerlik die prent waar 2 persone na 'n syfer op die grond kyk en die een persoon sê dit is 'n 9 en die ander dat dit 'n 6 is. Dit hang van elkeen se perspektief af of hulle 'n 9 of 'n 6 gaan sien.

Mense skep ook hulle eie Waarheid. Almal van ons doen dit tot 'n mate. Ons ervarings en manier hoe ons opgegroe het, bepaal hoe ons na die lewe kyk en wat ons as die waarheid sien. Veral wanneer daar sterk emosies betrokke is, kleur dit baie keer wat ons as die waarheid beleef het. Luister maar 'n slag mooi wanneer 2 persone wat in 'n argument betrokke was, hulle weergawe vir jou vertel van wat gebeur het.

Baie keer sal ons vinnig wees om te dink een van die partye, of beide vertel 'n leuen, maar dis nie omdat mense dit noodwendig doelbewus doen nie. Ons emosies en ons vorige ervarings kleur ons persepsie van die waarheid.

Nuwe navorsing wat gedoen word, bevind ook dat goed wat in die verlede as die waarheid gesien is, nie noodwendig so absoluut waar was as wat in die verlede geglo is nie. Waarheid kan dus verander soos wat nuwe navorsing gedoen word.

Tog is daar steeds absolute waarhede in die lewe. Waarhede wat nie tydgebonde is of wat deur nuwe navorsing as ongeldig verklaar kan word nie. Waarheid wat by God te vind is. God is die bron van waarheid.

God het alles geskep en gemaak. God onderhou alles. Daarom kan ons in 'n wêreld wat al hoe meer grys areas het, waar waarheid al hoe meer relatief raak, vashou aan God se waarheid.

Vir Kleingroepe

Rus en ontvang

1. Verwelkom almal by die byeenkoms.
2. Deel in mekaar se lief en leed.
3. Word vir 'n paar oomblikke stil, ontvang God se teenwoordigheid en kom by Hom tot rus.
4. Gee geleentheid vir gebed. Bid vir mekaar, vir die gemeente en vir die gemeenskap. Vra vir die Here om vir julle deur Sy Woord te voed en Homself te openbaar.

Luister en deel

1. Gesels saam oor hoe jy oor die begrip Waarheid dink en dit verstaan.
 - a. Wat sien jy as absolute waarhede en wat as relatiewe waarhede?
 - b. Hoe voel jy wanneer jy agterkom iemand praat nie die waarheid nie?
2. Lees Efesiërs 4:17-25 en gesels saam oor die gedeelte.
 - a. Waar kom leuens/valsheid vandaan?
 - b. Watter rol behoort God se waarheid in die “nuwe lewe” te vervul?
3. Lees 2 Timoteus 3:16 en Jakobus 1:18.
 - a. Hoe leer ons die waarheid van God ken volgens die gedeeltes?
 - b. Wat moet ons dus doen om te put uit die bron van God se waarheid?

- c. Op watter ander maniere leer ons God se waarheid ken?
 - d. Is dit moontlik om met mekaar te mag verskil oor God se waarheid?
4. Dink na oor jou eie lewe oor hoe goed jy God se waarheid uitleef.
 - a. Hoekom is ons as mense geneig om leuens te vertel?
 - b. Hoe dink julle oor sogenaamde witleuens?
 - c. Is dit soms aanvaarbaar om nie die waarheid te praat nie?
 5. Hoe dink julle wil God hê moet ons ander mense hanteer as hulle nie God se waarheid aanvaar/ken nie? (Efesiërs 4:15 en 2 Timoteus 2:25 kan help met julle gesprek hieroor.)
 6. Hoe kan julle mekaar help om meer uit en in God se waarheid te leef? Dink bietjie aan praktiese maniere om dit te kan reg kry.

Leef en ontplooi

Michael Green het die volgende gesê: “Moenie so arrogant wees om te dink dat die waarheid niks groter is as jou siening daarvan nie.”

Ons moet altyd nederig wees in ons ontdekking en ontginning van God se waarheid. God se waarheid is so groot en omvangryk, dat geen mens hier op aarde ‘n volledige verstaan daarvan sal kan hê nie. Maar ons moet daaglik God se Woord bestudeer sodat ons meer en meer van God se waarheid kan ontdek. “As ons nie fyn luister nie, sal ons nie die waarheid ontdek nie. As ons nie bid nie, kom ons nie eens so ver om te luister nie.” *Hubert van Zeller*

1. Hoe help hierdie week se tema jou om jou geloof op 'n daaglikse basis uit te leef?
2. Met wie gaan jy deel wat jy hierdie week geleer het?
3. Hoe sal jy hierdie beginsel, dat God die Bron van Waarheid is vir iemand kan vertel / getuig?
4. Hoe sal jy dit aan jou kinders oordra?

5. Is daar enige behoeftes wat julle het of mense vir wie julle graag voor wil bid?

Vrae vir verdere in diepte studie

1. Waarom maak God se waarheid baie keer mense ongemaklik?
2. Lees Eksodus 18:21.
 - a. Wat leer die gedeelte ons oor leierskap en waarheid?
 - b. Wat is ons verantwoordelikheid in die verband?
2. Wat gebeur volgens Spreuke 16:28 as iemand die waarheid verdraai?
3. Wat doen God se waarheid aan ons? Johannes 8:31-32
4. Lees Romeine 15:8. Wat het Jesus Christus kom doen?
5. Wie help ons om in die waarheid te leef volgens Johannes 16:13?
6. Hoe lyk iemand se lewe wat vanuit God se waarheid leef?

Notas

God is die Bron van Krag

Wat is die bron van jou krag? Of dalk beter gevra wie is die bron van jou krag? Kyk jy na mense, finansies, onderrig of selfs na jouself? Hierdie is belangrike vrae, want dit bepaal jou lewe elke dag. Hoe jy gaan leef? Wat jy gaan doen? Hoekom jy dit gaan doen? Vir wie gaan jy dit doen? En so meer.

Regdeur die Bybel leer ons dat daar is geen ander bron van krag soos God nie. Onthou hoe die Israeliete gesing het in Eksodus 15:2 – *“Die Here is my krag en my beskerming. Hy het tot my redding gekom. Hy is my God, Hom roem ek, die God van my voorvaders, Hom prys ek.”*

Dit is lewensbelangrik dat ons verbind moet wees aan God. Ons krag vloei van God af, soos ons verbind bly aan Hom.

'n Betekenisvolle en persoonlike verhouding met God gee vir ons 'n innerlike energie en krag wat ons onderhou. Om geestelike gewoontes en praktyke daaglik uit te leef, soos bid, Bybel lees en bewus wees van God se teenwoordigheid kan ons help om in te tap in daardie spesiale krag wat net God vir ons kan voorsien. Wanneer ons alleen is met God, wanneer ons “wag” op die Here, is dit vir ons moontlik om sy krag te ontvang.

Vir Kleingroepe

Rus en ontvang

1. Verwelkom almal by die byeenkoms.
2. Deel in mekaar se lief en leed.
3. Word vir 'n paar oomblikke stil, ontvang God se teenwoordigheid en kom by Hom tot rus.

4. Gee geleentheid vir gebed. Bid vir mekaar, vir die gemeente en vir die gemeenskap. Vra vir die Here om vir julle deur Sy Woord te voed en Homself te openbaar.

Luister en deel

1. Hoe sal julle die woord/term **“krag”** definieer in julle eie woorde?
2. Wat is die bron van jou krag? Is dit 'n innerlike of verstandelike standvastigheid? Is dit jou verhouding met jou ouers, of jou eggenoot, of jou kinders? Is die jou beroep, of jou finansies, of jou opvoeding of jou intellek? Is dit jou kerk, jou huis, jou leierskap of in jou vaardighede? Deel julle oortuigings met mekaar.
3. Lees Jesaja 40:28-31. Wat leer dit vir jou oor God? Wat leer dit vir jou oor jouself wanneer jy jou vertrou in God plaas?
4. Lees Efesiërs 1:15-21. Wat sê Paulus vir ons in die teks? Verse 19-20 is 'n kragdadige verklaring wat Paulus maak. Wat bedoel Paulus met hierdie verklaring? Wat hou dit vir ons in? Hoe bepaal dit jou lewe vorentoe?
5. In Efesiërs 3:14-21 skryf Paulus weer in 'n gebedsformaat aan die gemeente in Efese. Wat sê hy vir hulle in vers 16?
6. In vers 20 bevestig Paulus dit wat hy in vers 16 gesê. Wat bevestig Paulus en hoe sal dit jou daaglikse lewe beïnvloed wanneer jy dit werklik snap?

Leef en ontplooi

1. So in Efesiërs 3:14-21, lees ons dat God wil hê ons moet krag hê. Maar watter soort krag? Hoe weet ons of ons dit het? Hoe kan ons dit kry? Wat doen ons met die krag wanneer ons dit het?
2. Daar is 'n ander Bybelse beginsel om in gedagte te hou, wanneer ons praat oor krag. Lees 2 Korintiërs 12:9-10

3. Hierdie twee verse klink dalk soos 'n oksimoron, maar wat sê Paulus eintlik vir ons? Hoe help dit jou om na God te kyk as die Bron van jou krag? Hoe bepaal dit jou lewe vorentoe?
4. Hoe kan julle as groep mekaar in die jaar help en bemoedig om te leef vanuit die Bron van krag?
5. Hoe help hierdie week se tema jou om jou geloof op 'n daaglikse basis uit te leef?
6. Met wie gaan jy deel wat jy hierdie week geleer het oor God as die Bron van krag?
7. Is daar enige behoeftes wat julle het of mense vir wie julle graag voor wil bid?

Vir gesinne

1. Waarvoor is jy dankbaar hierdie week?
2. Waaraan was jy gehoorsaam hierdie week wat God vir jou gesê/gevra/gewys het?
3. Lees Rigters 16:4-22. Wat was die “geheim” van Simson se krag? Waarom wou Delilah en die Filistyne weet wat was die bron van Simson se krag?
4. Lees Rigters 13:25; 14:6,19; 15:14. Wat was die ware bron van Simson se krag?
5. Wat hoor julle sê die teksgedeelte vir ons? Hoe vra dit van ons om te leef?
6. Neem papier en 'n paar penne of potlode en laat elkeen neerskryf wat is die sterkpunte en die swakpunte van elkeen in die gesin. Hoe kan julle mekaar help om julle swakpunte te verbeter? Dank God vir die swakpunte en sterkpunte in elkeen van julle en soos julle leef in afhanklikheid van God, laat Hom toe om dit te gebruik tot eer en verheerliking van sy Naam.

God is my Bron en nie net die Bron nie

Dit is vir ons makliker gesê as gedaan om God ten volle as Bron in ons lewens te aanvaar. Ons kan maklik bely dat God ons Bron is, maar indien ons dit bely, moet ons dit ook uitleef. Die vraag is wat is die implikasies daarvan dat God nie net 'n Bron is nie, maar dat Hy my persoonlike Bron is. Ek dink Psalm 84 en 91 verwoord dit vir ons so mooi. In Psalm 84 spreek die digter sy verlange uit om net weer in die tempel, in die teenwoordigheid van die Here te kan wees. Dis die plek waar hy krag vind, dis die plek waar hy rustig word. Dis die plek waar hy homself vind in terme van God.

Hy verwoord dit voorts dat diegene wat hulle na God wend nie teleurgesteld sal wees nie. Hulle sal God ervaar as 'n Bron van krag om die nuwe dag aan te pak. Hy getuig voorts dat die Here ook sy beskerming is en dat genade en eer van Hom afkomstig is. Dieselfde getuig die digter van Psalm 91. Hy praat baie persoonlik oor God as sy Bron van beskerming, toevlug en veilige vesting.

Vanuit die twee Psalms word ek en jy opnuut opgeroep om toe te laat dat God waarlik jou Bron sal wees. Nie net in woord nie, maar ook in daad. Jy moet vanuit Hom leef en nie alternatiewes gaan soek in die lewe nie.

Vir Kleingroepe

Rus en ontvang

1. Verwelkom almal by die byeenkoms.
2. Deel in mekaar se lief en leed.
3. Word vir 'n paar oomblikke stil, ontvang God se teenwoordigheid en kom by Hom tot rus.

4. Gee geleentheid vir gebed. Bid vir mekaar, vir die gemeente en vir die gemeenskap. Vra vir die Here om vir julle deur Sy Woord te voed en Homself te openbaar.

Luister en deel

1. Lees Psalm 84 en 91
2. Gesels oor die feit dat ons maklik getuig dat God ons persoonlik Bron is, maar dit nie noodwendig uitleef nie.
3. Hoekom sukkel ons soms daarmee?
4. Deel met mekaar van 'n tyd in jou lewe wat jy God as Bron werklik vertrou het.
5. Lees weer Ps. 84:6-8. Glo jy dit wat daar staan? Hoekom?
6. Gesels as groep oor Ps. 84:12.
7. Het jy al die waarde van Ps. 91:1-2 ervaar? Getuig daaroor.
8. Sou jy sê daar is 'n verskil tussen God as die Bron en God as my Bron?

Leef en ontplooi

1. Hoe help hierdie week se tema jou om jou geloof op 'n daaglikse basis uit te leef?
2. Met wie gaan jy deel wat jy hierdie week geleer het?
3. Hoe sal jy hierdie beginsel, dat God jou Bron is, vir iemand kan vertel / getuig?
4. Hoe sal jy dit aan jou kinders oordra?
5. Is daar enige behoeftes wat julle het of mense vir wie julle graag voor wil bid?

Vrae vir verdere in diepte studie

1. Lees Psalm 84 aandagtig deur
2. Vir meer inligting oor die Koragiete lees 2 Kronieke 26:12-19
3. Die psalmdigter gebruik die woorde “versmag van verlange” as hy oor die tempel en sy ontmoeting met God praat. Ervaar jy dieselfde behoefte as jy aan God dink?
4. Watter verskil het hierdie ontmoetings met God in die digter se lewe gemaak?
5. Het jou ontmoetings met God ‘n verskil in jou lewe gemaak en maak dit nog ‘n verskil op daaglikse basis?
6. Lees mooi deur Psalm 84 en identifiseer al die plekke waar hy God sien as sy persoonlik Bron
7. Let op na die tweegesprek tussen die Psalmdigter in Psalm 91 wat God as sy bron beskou (1-2) en God se antwoord daarop (14-16)
8. Psalm 91:1-2 wys ons duidelik dat God nie sommer net enige een is nie, maar dat Hy die enigste Bron in jou lewe moet wees. Let op dat daar 4 verskillende name vir God in hierdie 2 verse gebruik word.
9. Watter aanpassings moet jy dalk maak sodat God waarlik jou persoonlik Bron binne al jou omstandighede kan wees?

Notas